

Les 16 Ons bekeer ons van tempelspeletjies deur na die Here toe te draai.

1.Bekering beteken om te draai.

Die woord bekering in die Bybel beteken om om te draai. Kom ons lees 'n vers wat vir ons wys wat is bekering uit die Bybel saam. Handeling 2 vers 38:

Toe antwoord Petrus hulle: bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Dan sal God julle sondes vergewe en sal julle die Heilige Gees as gawe ontvang. Wat God beloof het, is vir hulle en vir julle kinders en almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons god na Hom toe sal roep.

Petrus is 'n predikant en hy vertel aan die Jode dat Jesus vir hulle sondes gesterf en betaal het. Nadat Petrus vir hulle dit vertel het, vra hulle vir hom "Wat moet ons doen as Jesus vir ons sondes gesterf en betaal het.

Dan sê Petrus vir hulle hul moet bekeer. Hierdie woord beteken hulle moet omdraai.

2.Omdraai beteken om na die Here toe te draai.

Bekering beteken om om te draai na die Here toe.

Jesus het vir hulle sonde gesterf en betaal. Hulle moet na die Here toe draai wat vir hulle sondes gesterf en betaal het. Hy is die Here wat by hulle is en hulle kan na Hom toe draai.

Hoe draai 'n mens na die Here toe?

'n Mens draai na die Here toe wanneer jy Hom vertrou vir alles wat Hy vir jou gedoen het om al jou sondes vir altyd weg te vat.

Wie die Here vertrou vir wat Hy vir jou doen, het na die Here toe gedraai.

3.Omdraai beteken ook om weg te draai.

Omdraai beteken ook om weg te draai.

Wanneer jy op 'n pad ry en jy draai om, dan beteken dit mos nou draai jy weg van die rigting waarin jy gegaan het.

Wanneer Petrus vir die Jode sê hulle moet bekeer, dan sê hy vir hulle hul moet omdraai van die rigting waarin hulle op pad was.

Waarheen was hulle op pad?

Kyk 'n bietjie waar is hierdie Jode wanneer Petrus met hulle praat! Hand. 2 vers 5
“ Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon.”

Hierdie Jode was almal in Jerusalem. Jerusalem is vir hulle 'n baie belangrike dorp gewees want in Jerusalem was die tempel. Binne in die tempel was die Jode besig met tempelspeletjies gewees.

Omdraai beteken hulle moet weg draai van hulle tempelspeletjies.

4.Tempelspeletjies.

Kan julle die les oor tempelspeletjies onthou?

Kom ons kyk gou weer na hoe speel mense tempelspeletjies!

Dit werk só. Die dominee of pastoor preek en vertel vir die mense hulle is nie regtig kinders van die Here nie. Hy vertel vir hulle hoe ver hulle van die Here af is. Dan sê hulle vir die mense dat die Here hulle net sal vergewe as hulle hul hart en lewe aan God gee vir al die verkeerde dinge wat hulle gedoen het.

Dan moet die mense opstaan en na vorentoe in die kerk loop. As hulle daar voor die dominee of pastoor staan dan sê hy hulle moet nou daar voor almal hulle harte en lewe vir die Here gee en dan sal die Here hul sondes vergewe.

En wanneer hulle dan daar staan en dit doen dan bid die dominee en sê dan hardop dat God hul harte en lewe gevat het en hulle sonde vergewe het.

Hierdie is nie godsdienis nie. Dit is 'n tempelspeletjie.

Want die mense moet hulle self aan die Here as offer vir hulle sonde gee. Hulle moet hulle hart of lewe aan God gee as betaling vir hulle sonde. Dit is 'n offer speletjie om jou hart of lewe vir God te offer.

Hoekom?

Want net Jesus het sy hart en lewe aan God as offer gegee. En dit was regtig. Dit was die regte en enigste offer wat ooit vir ons sondes gegee was. Ons mag nie sulke offers ooit weer vir die Here vir ons sondes gee nie. Wanneer ons dit doen is dit nier regtig nie. Dit is sommer 'n offerspeletjie.

Wie vat die regte offer na God? Dit is Jesus. Hy is die Hoëpriester in die hemel. Maar hierdie mense gaan na vorentoe in die kerk en gaan staan voor die dominee.

Dan bid die dominee en hy sê God het hulle offers aanvaar.

Wie is nou die hoëpriester wat mense se offers na God toe vat? Nou is dit die dominee wat hierdie mense in gebed aan God opdra en dan verklaar hulle offers is deur God aanvaar.

Wie is hierdie man wat voor in die kerk staan nou? Nou is hy nie meer 'n regte dominee wat die Woord van die Here preek nie. Nou dink hy hy is die nuwe hoëpriester wat mense se lewe en harte aan God opdra.

Hy is besig met 'n hoëpriesterspeletjie.

Wat noem 'n mens plekke waar mense offers vir God vir hulle sonde vat?

Dit is tempels. Hulle maak van die kerkgebou 'n tempel. Terwyl daar nie meer tempels op aarde kan wees nie. Ons tempel is die hemel waar God Christus se offer aanvaar het sodat ons nooit weer offers vir ons sonde op aarde mag bring nie.

Dit is waarheen die Jode almal heen op pad was. Om binne die tempel tempelspeletjies te speel: hulle gaan gee offers vir hulle sonde binne die tempel!

5.Bekering is wegdraai van tempelspeletjies en na die Here toe draai.

Kan julle nou sien wat beteken die woord “bekering” in die Bybel?

Dit beteken omdraai.

Omdraai beteken om weg te draai van tempelspeletjies: ek gee my hart, my lewe en myself vir die Here om te betaal vir my sondes! Wegdraai beteken ek doen dit nie meer nie en ek gaan nooit weer in die rigting draai om tempelspeletjies te speel nie.

Bekering beteken ook ek draai na die Here toe. Ek vertrou Hom vir wat Hy vir my doen – Hy betaal al my sondes en maak dat ek nooit weer voor die Here skuldig is nie.

6.Kom ons tot bekering?

Hoe antwoord ons die vraag: kom jy tot bekering of het jy al tot bekering gekom?

Ons antwoord hierdie vraag altyd “Ja”, want dit is waarmee ons elke dag besig is: Elke dag draai ons weg van al die tempelspeletjies van mense en elke dag draai ons na die Here en vertrou Hom dat Hy vir ons sondes gesterf en betaal het.

Om die Here te verdraai is hoe ons tot bekering kom!